



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL (V1)

FEBRUARIE/MAART 2009

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

VOORSKRIFTE EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELINGS A, B en C.

AFDELING A: Lees en Kyk	(30)
AFDELING B: Opsomming	(10)
AFDELING C: Taal	(30)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Nommer in die middel van die bladsy en laat 'n reël oop tussen jou antwoorde.
6. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
7. Skryf netjies en leesbaar met blou ink.

AFDELING A: LEES EN KYK**VRAAG 1: RESENSIES EN ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

RESENSIE A**TIENERSWANGERSKAP AWEREGS BESKOU**

Rolprent: **JUNO**

Met Ellen Page, Jennifer Garner, Jason Bateman, Michael Cera, Olivia Thirlby, JK Simmons en Allison Janney.

Regie: Jason Reitman. Ouderdomsperk: 13 S. Tydsduur: 94 min

1. Dié komiese drama is 'n pretrit van die begin tot die einde.
2. Die dialoog is besaai met jongmenstaal en is by tye baie eksplisiet – let op die ouderdomsperk as jy jou kroos wil saamvat.
3. Dit is 'n besonder aweregse verhaal. Nadat sy die moontlikheid van 'n aborsie ondersoek en uitgeskakel het, besluit Juno om die kind te laat aanneem. Sy en haar ewe voortvarende vriendin, Leah, sien 'n foto van 'n jappie-paartjie in die plaaslike koerant. Dié twee, Mark en Vanessa Loring, lyk na net die regte mense om “dit” van Juno se hande af te neem.
4. Ongetwyfeld sal die flik wenkbroue laat lig, waarskynlik weens die feit dat Juno se swangerskap nooit te enige tyd veroordeel word nie. Boonop bied die prent 'n onderspeelde blik op die uitwerking van 'n tienerswangerskap – kan so iets só maklik verloop vir 'n jong meisie? Ek wonder darem.
5. Die skeppers woeker hier met 'n interessante vertrekpunt – niemand (veral nie volwassenes) is eintlik in 'n posisie om te oordeel nie. Maak dus soos die prent voorstel en weerhou jou van oordeel. Die film het miskien 'n houding, ja, maar hy het ook 'n groot hart.
6. Die spel is uitsonderlik uitstekend. Ellen Page blink uit en is beslis 'n naam om dop te hou. Ander spelers wat uitstaan, is JK Simmons en Jennifer Garner wat pragtige vertolkings lewer.

[Verwerk uit: *Die Burger en Beeld (Plus)*, 14 Maart 2008]

- 1.1 Wat word in paragraaf 2 bedoel met die beskrywing van die dialoog as '*baie eksplisiet*'? (1)
- 1.2 Wie word volgens paragraaf 2 gewaarsku? (1)
- 1.3 Noem EEN karaktertrek van Juno wat in paragraaf 3 geïmpliseer word. (1)
- 1.4 Verduidelik in jou eie woorde wat '*aweregse*' in paragraaf 3 beteken deur na die res van die paragraaf te verwys. (1)

- 1.5 'Die film het miskien 'n houding, ja, maar hy het ook 'n groot hart.'
(paragraaf 5)

Dui aan of hierdie stelling 'n feit of 'n mening is en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

- 1.6 Watter les kan die fliëkganger, volgens die resensie, uit hierdie rolprent leer? (1)

EN

RESENSIE B

DEERNIS VIR 'n MOEILIKE TEMA

Juno: (**).** Met Ellen Page, Jennifer Garner, Jason Bateman, Michael Cera, Olivia Thirlby, JK Simmons en Allison Janney.
Regie: Jason Reitman. Ouderdomsperk: 13 S1 Tydsduur: 94 min

1. Kyk, glipsies gebeur. Jy weet – jy's verveeld, hy's verveeld ...
2. *Juno* gaan oor wat daarna gebeur, nadat die saadjie geplant is en die degie begin rys. Tienerswangerskappe word gewoonlik as 'n droewige tema behandel, maar nie hier nie. En dis vernuwend. En verblydend.
3. Juno MacGuff (Ellen Page) is 'n meisie wat dinge op háár manier doen. Sy is glad nie jou gewilde poppie nie. Dalk eerder die vreemde meisie wat die ander kinders by die skool liefsvy. Sy probeer die wêreld en haarself uitpluis, maar op 'n aweregse manier.
4. Juno is vlymskerp en het 'n tong wat selfs skerper is, sodat haar kwinkslae jou keer op keer hardop laat lag; dalk juis omdat daar geen heilige koeie in dié fliëk is nie.
5. Soos hulle sê – dit vat twee om te tango, en in *Juno* verleen Paulie Bleeker (Michael Cera) die perfekte ewewig in dié verhouding wat soms verbysterend voorkom. Bleeker is die stil, bleeksielerige ou wat self ook nie altyd weet hoe om sy ampers-kêns soort-van-meisie te benader nie.
6. Die regisseur, Jason Reitman van *Thank You for Smoking*-faam, takel 'n omstrede onderwerp met genoeg deernis en begrip dat dit gemaklik voorkom en in 'n vrek-snaakse produk ontaard. Dié kragtoer berus op die Oscar-bekroonde draaiboek deur Diablo Cody, aangevul deur toneelspel uit die boonste rakke.
7. Dié fliëk het ook een van die coolste klankbane die afgelope ruk. Lekker folky musiek. Volgens Wikipedia is *Juno* s'n die eerste klankbaan van 'n 20th Century Fox-fliëk wat die topposisie op die Amerikaanse trefferlyste bereik sedert *Titanic* in 1997.
8. Terwyl Juno en Bleeker dalk eers moes wag, mag jy nie wag vir Juno totdat dit op DVD verskyn nie!

[Verwerk uit: *Die Burger (Jip)*, 17 Maart 2008]

- 1.7 Verduidelik in EEN volsin wat die woord '*kwinkslae*' (paragraaf 4) beteken. (1)
- 1.8 Haal DRIE opeenvolgende woorde uit paragraaf 5 aan wat die karakter Paulie Bleeker sal tipeer. (1)
- 1.9 Haal EEN frase uit paragraaf 6 aan wat impliseer dat die film hoog aangeskryf word. (1)
- 1.10 Watter verskuilde opdrag gee die resesent in die slotsin aan die leser? (1)
- 1.11 In watter resensie (A of B) is daar sprake van navorsing wat gedoen is? Bewys jou antwoord deur EEN woord neer te skryf. (2)
- 1.12 1.12.1 Wat is die resesent in Teks A se houding oor tienerswangerskappe? (1)
- 1.12.2 Wat is die resesent in Teks B se houding oor tienerswangerskappe? (1)
- 1.13 Kies die korrekte antwoord in hakies:
Albei die resesente stem saam dat die film (skokkend/lichartig/swaarmoedig/klugagtig) is. (1)
- 1.14 Vergelyk die taalgebruik van Teks A en Teks B met mekaar. Noem minstens TWEE verskille. (2)
- 1.15 Wie is die teikengroep op wie elk van die resensies onderskeidelik gerig is? (2)

EN

ADVERTENSIE

**Behalwe vir wi-fi, selfone, iPods, rekenaars,
TV's, internet en twee-minuut noedels, het
niks verander nie.**



Tree
die
toekoms
tegemoet...
versekerd

SANLAM

Hartlik geluk met die groot verjaarsdag *Matieland*. In 1957 het Sanlam *Matieland* ondersteun met die plasing van 'n advertensie. Die boodskap was eenvoudig. Vyftig jaar later, ondanks moderne tegnologie en innoverende oplossings, is die boodskap steeds dieselfde: nommerpas, persoonlike diens vir 'n versekerde toekoms. Sanlam. Ons dink vooruit. En jy?

www.sanlam.co.za
GELISENSIEERDE FINANSIËLE
DIENSTEVERKAFFER

 **Sanlam**
Ons dink vooruit

[Uit: *Matieland*, Februarie 2008]

- 1.16 Herlees die kop van die advertensie. Verduidelik die paradoks wat hierin voorkom. (2)
- 1.17 Kyk na die linkerkantse raam. Waarom dink jy word die hele liggaam van die persoon nie vertoon nie? (1)
- 1.18 In die regterkantse raam staan die vrou op die voorgrond. Wat lei jy daaruit af? (1)
- 1.19 Kyk na die regterkantse raam. Identifiseer die moontlike geslagstereotipering en dui aan hoe jy dit kan uitskakel. (2)
- 1.20 Hoe sluit die beeld van die wenteltrap aan by SANLAM se slagspreuk? (1)
- 1.21 Hoe sluit '*het niks verander nie*' in die kop aan by die laaste gedeelte van die advertensie? (1)
- 1.22 Verduidelik die tweeledige betekenis van '*versekerd*' in die advertensie. (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en maak in DRIE afsonderlike paragrawe 'n opsomming van hoe jong kinders, tieners en volwassenes sielkundig op diabetes reageer. Jou opsomming moet SEWE feite bevat en nie meer as 90 woorde wees nie

DIABETES: MEER AS LYF IS BETROKKE

1. Diabete word meestal bewus gemaak van die beskikbare medikasie, maar nie van die invloed wat die siekte op hul emosionele welstand kan hê nie.
2. As deel van die Changing Diabetes-bewusmakingsveldtog het professore Frans Snoek van Nederland en Antonio Ceriello van Italië Suid-Afrika onlangs besoek.
3. "Diabete kan 'n normale leefstyl volg, maar hulle besef dikwels eers later dat die siekte nie sal weggaan nie. En dit is dán wanneer sielkundige en nie net mediese raad nodig is," sê Snoek.
4. "Jong kinders by wie diabetes gediagnoseer word, hanteer dit dikwels die beste," sê Snoek.
5. Hulle sien dit as 'n deel van hul lewe omdat hulle makliker aanpas by veranderinge en nie so lank sonder die behandeling geleef het nie.
6. Die moeilikste tydperk is dikwels aan die begin, wanneer die behandeling vreemd en selfs vreesaanjaend kan wees.
7. Sodra dit egter 'n roetine word, is dit maar net nog 'n deel van hul lewe.
8. Wanneer dit egter by 'n tiener gediagnoseer word, word die situasie moeiliker.
9. "Hulle hanteer dit soms goed aan die begin, maar herken dit nie aanvanklik as 'n belangrike oomblik in hul lewens nie," sê Ceriello.
10. Hulle is boonop in 'n lewensfase waar hulle soos die groep wil wees en diabetes maak hulle anders as hul vriende.
11. Hulle rebelleer dus teen behandeling, of glo dat die siekte sal weggaan as hulle dit net lank genoeg ignoreer.
12. Volwassenes by wie diabetes gediagnoseer word en wat nie die emosionele gevolge daarvan kan hanteer nie, kan hul lewe in gevaar stel as hulle nie die nodige medikasie neem nie.
13. "Dokters en sielkundiges kan nie verstaan hoe hulle so roekeloos kan wees nie," sê Snoek.
14. Hierdie optrede is egter te verstane. Veral tipe 1-diabete voel baie keer hul lewensgehalte het afgeneem en dat hulle gedurig 'probleme moet oplos' soos: Moenie dit eet nie, moenie dat eet nie ...
15. Sonder ondersteuning kan baie dit emosioneel nie hanteer nie en verkies dan om die probleem te ignoreer.


[Verwerk uit: *Beeld (Pols)*, 8 April 2008]

TOTAAL AFDELING B: 10



AFDELING C: TAAL**VRAAG 3**

Lees die verskillende tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

TAFELSUIKER GEE ONS MINDER AS 60 KALORIEË PER DAG. WAT IS DIT DUS WAT ONS VETTER MAAK?	
<p>1. Kyk of jy hierdie verleidelike raaisel kan oplos.</p> <p>2. 'n Gewone tamatietoebroodjie bevat ongeveer 240 kalorieë. Daarteenoor bevat 'n teelepel tafelsuiker slegs 15 kalorieë.</p> <p>3. Al wat jy hoef te doen om hierdie klein hoeveelheid energie te verbruik is om vir 15 minute te slaap.</p> <p>4. Om die waarheid te sê verbrand jy heel waarskynlik 'n lepelvol net deur hierdie bladsy te lees.</p> <p>5. Hoekom dan neem vetsug toe en het dit epidemiese afmetings bereik?</p> <p>6. Jy hoef nie 'n kernwetenskaplike te wees om dié vraag te beantwoord nie.</p> <p>7. Daar is eenvoudig geen enkele kossoort waarop ons al die skuld kan pak nie, maar dit sal dalk help om daarop te wys dat 'n gram vet twee keer soveel kalorieë as 'n gram tafelsuiker bevat.</p>	<p>8. Om die waarheid te sê het navorsing bewys dat 'n smaaklike dieet vol verskeidenheid en met versadigde vette, gekombineerd met oefening, waarskynlik die beste manier is om gewig op die lang duur te beheer.</p> <p>9. Verder dui navorsing oor tafelsuiker daarop dat wanneer dit deel vorm van die dieet, dit in werklikheid help om smagsessies te beheer en vergryp-episodes te (bekom/voorkom/ontkom).</p> <p>10. Dis die natuur se eie soetmaakmiddel. Honderde jare al word dit in presies dieselfde vorm as vandag gebruik om goeie kos smaakliker te maak.</p> <p>11. Om meer uit te vind oor hoe om 'n beter sin vir balans in jou lewe te bewerkstellig, besoek ons webtuiste by www.sugarfacts.co.za</p> <p>12. Jy mag dalk vind dat nie net jou hart minder beswaard sal wees nie, maar jou middellyf ook.</p> <p>13. Voeg 'n knippie balans by jou lewe.</p> <div style="text-align: center;">  </div> <p style="text-align: right;">[Verwerk uit: <i>Sarie</i>, Februarie 2008]</p>

- 3.1 Gee die oortreffende trap van 'verleidelike' (paragraaf 1). (1)
- 3.2 Wat beteken ver- in 'verbruik' (paragraaf 3)? (1)
- 3.3 'n Leesteken ontbreek in paragraaf 3. Voeg die korrekte leesteken in deur die woord voor en ná die leesteken neer te skryf. (1)

- 3.4 Vervang '*om die waarheid te sê*' (paragraaf 4) met 'n uitdrukking wat dieselfde beteken. (1)
- 3.5 Verbeter die woordorde van paragraaf 5. (1)
- 3.6 Verander die vraagsin in paragraaf 5 in 'n stelsin. (1)
- 3.7 Wat is die stamme van '*kernwetenskaplike*' (paragraaf 6)? (1)
- 3.8 *Ons kan nie al die skuld op suiker pak nie.* Gee 'n idiomatiese benaming vir 'n onskuldige persoon op wie die skuld gepak word. (1)
- 3.9 Wat is die implisiete boodskap van: '*Daar is eenvoudig geen enkele kossoort waarop ons al die skuld kan pak nie*' (paragraaf 7)? (1)
- 3.10 Gebruik '*skuld*' (paragraaf 7) as 'n werkwoord in 'n sin. (1)
- 3.11 Gee die korrekte afkorting vir '*gram*' (paragraaf 7). (1)
- 3.12 Gee die intensiewe vorm van '*vol*' (paragraaf 8). (1)
- 3.13 Gee die persoonsnaam van '*navorsing*' in paragraaf 8. (1)
- 3.14 Verander die bepaling '*gekombineerd met oefening*' (paragraaf 8) na 'n bysin wat in die konteks sal pas. (1)
- 3.15 Gebruik die homoniem van '*duur*' (paragraaf 8) in 'n verklarende sin. (1)
- 3.16 Skryf die meervoud van '*dieet*' (paragraaf 9) neer. (1)
- 3.17 Watter vorm van woordeskatuitbreiding is gebruik by die vorming van die woord '*smagsessies*' (paragraaf 9)? Kies uit die volgende moontlikhede:
- Analogie
- Toutologie
- Ontlening
- Kontaminasie (1)
- 3.18 Kies die korrekte paroniem van die moontlikhede tussen hakies in paragraaf 9. (1)
- 3.19 Gee EEN woord vir '*n tydperk van 'n honderd jaar*'. (1)

3.20 Gebruik die uittreksel hieronder uit die HAT (2005) om die vrae te beantwoord.

ba-lans s.nw. (-s) **1** Weegskaal. **2** Ewigig: *Die gimnas het sy balans verloor. Jou balans behou toe jy van die leer afval.* Ook fig.: *Die stryd om die balans tussen natuur en kultuur te bewaar.* **3** Oorskot, saldo: *My balans in die bank is darem nog gunstig.*

- 3.20.1 Skryf die lettergreep in die woord '*balans*' neer wat die klem dra. (1)
- 3.20.2 As watter woordsoort word '*balans*' normaalweg gebruik? (1)
- 3.20.3 Watter betekenismoontlikheid van '*balans*' is in die leesstuk van toepassing? (1)
- 3.20.4 Vorm 'n werkwoord van *balans*. (1)
- 3.21 Gee die denotasie van '*beswaard*' in paragraaf 12. (1)
- 3.22 Gee 'n sinoniem vir die woord '*knippie*' (paragraaf 13). (1)

EN

Die japie en die dame

Die japie sit met sy basterhond in die trein naby 'n deftige vrou.
Ná 'n rukkie snou die dame hom toe: 'Jong man, vat jou hond soontoe, ek kan voel hoe die vlooie op my ronddans.'
'Kom weg daar, Flenters!' beveel die japie. 'Die tannie het vlooie!'

[Uit: *Mieliestronk*, 7 Junie 2007]

- 3.23 Na wie of wat verwys die idiomatiese benaming '*japie*'? (1)
- 3.24 Vervang die emotiewe '*snou toe*' met neutrale woorde. (1)
- 3.25 Skryf die onderstreepte gedeelte van die dame se woorde in die indirekte rede. (2)
- 3.26 Vorm 'n saamgestelde sin van '*Jong man, vat jou hond soontoe, ek kan voel hoe die vlooie op my ronddans*', deur 'n voegwoord te gebruik. (1)

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70